At last, Gogo cut the cake. She picked up the first slice and looked at the children around her.

“The first slice,” she said, “is for Madoda – because he looks as though he’ll burst if he has to wait any longer!”

The cake tasted delicious – better than Madoda had ever imagined! The icing stuck to his lips as the soft, sweet inside crumbled in his mouth.

Lunga looked at his cousin. “How is it, Madoda?”

Madoda’s mouth was too full; he couldn’t say a word! But his smile did the talking. Now that was worth waiting for!



Pa gaan dorp toe om die verjaardagkoek te bestel. Almal wonder hoe dit gaan smaak. Daar sal baie kersies op moet wees. Sal daar genoeg plek wees vir so baie kersies? Die kinders sal Gogo moet help om hulle dood te blaas.  
 Hulle wonder hoe die koek gaan lyk. Partykeer blaai Madoda deur Ma se ou tydskrifte en probeer om die lekker kos op die bladsye te eet. Hoe water hulle monde nie; hulle kan nie meer wag dat die groot dag moet aanbreek nie!

Father came into town to order the birthday cake. Everyone was waiting to taste it. There would have to be many, many candles. Would they all fit on? The children would have to help Gogo to blow them out. They talked about what the cake would look like. Sometimes Madoda opened Mother’s old magazines and tried to gobble up the good food on the pages. Oh, how their mouths watered; they could hardly wait for the big day to come!



One day, Uncle brought a letter from the post office. It was good news! Grandmother was coming to visit from Kimberley. It was her 60th birthday. They had not seen Gogo for a long time.

The boys were excited. The whole family would be there, as well as friends and neighbours. And there would be lots of food – delicious food for the special occasion!

“Close your eyes, Madoda. Can you see it all laid out on a big table? Imagine the sweets, the jellies and the cake. Imagine the cake, Madoda!” said Lunga with his face to the sun.

Op ’n dag bring hul oom ’n brief van die poskantoor af. Dis goeie nuus! Gogo, wat in Kimberley woon, wil kom kuier. Dis haar sestigste verjaarsdag. Hulle het Gogo lanklaas gesien.

Die seuns is opgewonde. Die hele familie sal daar wees, asook baie vriende en bure. En daar sal baie kos wees – heerlike kos vir die spesiale geleentheid.

“Maak jou oë toe, Madoda. Kan jy sien wat alles op die tafel is? Lekkers, jellie en koek. Dink hoe die koek gaan lyk, Madoda!” terg Lunga.



Die volgende week moet daar inkopies  
gedoen word. Die seuns gaan saam om  
die grootmense te help. Hulle het rys, meel,  
mielieblom, jellie, ballonne, versierings en baie  
lekkers nodig.  
"Kan ons 'n paar lekkers kry?" vra Madoda.  
"Nee!" sê sy ma. "Jy moet vir die partytjie  
wag. Jy sal die partytjie bederf as jy die lekkers  
nou eet."  
"Net een, as-se-blie?" soebat Madoda.  
"Nee!" sê sy tannie. "Jy moet leer om te  
wag. Alles is baie lekkerder as jy daarvoor  
gewag het."




The next week there was a shopping trip to town. The boys went along to help the grown-ups. They needed rice, flour for baking, custard, jelly, balloons, decorations and lots of sweets.

"Can we have some sweets now?" asked Madoda.

"No!" said Mother. "You must wait for the party. You will spoil the party if you eat the sweets now."

"Just one, ple-e-ease?" begged Madoda.

"No!" said Aunt. "You must learn to wait. Things are much nicer if you have waited for them."



Then everyone came inside to change into their best clothes for the party. The first people arrived. More and more people arrived. Someone turned up the music. Everyone was talking and laughing and eating.  
Net toe kom almal in om hul beste kleres aan te trek vir die partytjie. Die eerste mense daag op. Nog mense kom. Iemand maak die musiek harder. Almal praat en lag en eet.

At last Mother and Aunt fetched the cake. The children ran to the big table outside.

Gogo tried to blow out the candles, but there were too many. So the children helped her. "Hurry, Gogo, hurry up!"

They couldn't wait to taste the pink icing, and the soft cake inside. The flowers around the edge seemed to be singing, "Eat us, eat us!"

Eindelik gaan haal Ma en Tannie die koek. Die kinders hardloop na die groot tafel.

Gogo probeer om die kersies uit te blaas, maar daar is te baie. Die kinders help haar. "Gou Gogo, maak gou!"

Hulle kan nie wag om die pienk versiersuiker en die sagte koek binne-in te proe nie. Dis asof die blommetjies om die rand sing: "Eet ons, eet ons!"



The fourth and fifth crept behind the curtains.

Die vierde en die vyfde een het agter die gordyne weggekruip.

The sixth hid in a dustbin ...  
Die sesde een het in die vullisdrom weggekruip ...

... and the seventh jumped into the oven.  
... en die sewende een het in die oond gespring.

Fold

Dit was sowaar die geslepe hiëna en hy het presies gewect wat om te doen. Hy slup toe daar weg na die winkel om 'n stuk bordkryt te gaan koop.

“Dit sal my stem sag laat klink, en dan sal ek daardie smaaklike bokkies lekker kan fous. Hie hie. Ek sal genoeg eet om my 'n hele week te hou!” het Hiëna geginnik terwyl hy die kryt insluk.



It was indeed the crafty hyena and he knew just what to do. He crept off to the shops where he bought a lump of chalk.

“This will make my voice soft. I will trick those tasty, little kids. Hee, hee. Then I will have enough to eat to last me a whole week!” laughed Hyena as he swallowed the chalk.

Before long, they spotted the sleeping hyena. Something was moving and struggling in his great, big belly.



“Run home and fetch some scissors, and a needle and thread,” whispered Gogo. Quick as a flash the youngest kid did what Gogo asked.

Dit was nie lank nie voor hulle die slapende hiëna gewaar het. Iets het in sy groot, dik pens beweeg.

“Hardloop gou huis toe en bring 'n skêr, en 'n naald en gare,” het Ouma gefluister. Die jongste bokkie het so vinnig soos blits gedoen wat Ouma gevra het.


*Snip!* went the scissors. Out popped one little head, then another. In no time at all, six kids tumbled onto the ground.

“Shh,” whispered Gogo. “Quickly, go and fetch some big stones so that we can fill up his belly!”

*Knip!* het die skêr gesny. Eers het net een koppie uitgeglip, en toe nog een. In 'n kits het al ses bokkies op die grond uitgerol.

“Sjjj,” het Ouma gefluister. “Gaan tel gou 'n paar groot klippe op sodat ons sy maag kan opstop!”

Eenmaal lank, lank gelede was daar 'n ou bok-ouma wat vir sewe bokkies gesorg het. Sy het hulle met haar hele hart liefgehad en hulle was 'n baie gelukkige gesin.



Fold

Nie lank daarna nie is daar 'n klop aan die deur en 'n growwe stem roep: "Maak oop die deur, liewe kinders. Dis ek, julle ouma, wat terug is uit die woud met 'n bietjie kos vir julle." Die bokkies het mekaar met groot oë aangekyk. "O nee, jy is nie ons ouma nie en ons gaan nie die deur vir jou oopmaak nie," het hulle dapper geroep. "Ouma het 'n sagte stem en joune is grof. Jy is die geslepe ou hiëna. Gaan weg!"



It was not long before there was a knock at the door. A rough voice called, "Open the door, dear children. It's me your gogo, back from the forest with some food for you." The little kids looked at each other with wide eyes. "Oh no, you're not our gogo and we will not open the door," they cried bravely. "Gogo has a soft voice and yours is rough. You are the crafty old hyena. Go away!"

One day there was nothing to eat. The kids looked at their granny and bleated, "We're hungry, Gogo."

So, even though a grandmother never wants to leave her kids alone, Gogo decided to go into the forest to find some food.

"Dear children, don't open the door to anyone. There is a crafty old hyena who will gobble you up if you let him in," warned Gogo. "He might try to trick you and disguise himself, but you will know him by his rough voice and dark, four-toed paws."

The kids said, "Don't worry, Gogo. We will be careful."


Eendag was daar niks om te eet nie. Die bokkies het na hulle ouma gekyk en geblêr: "Ons is honger, Ouma."

Al wil 'n ouma nooit haar kleinkinders alleen los nie, het Ouma toe maar besluit om woud toe te gaan en te gaan kos soek.

"Liewe kinders, moenie die deur vir enigiemand oopmaak nie. Daar is 'n uitgeslape ou hiëna wat julle sal opvreet as julle hom laat inkom," het Ouma gewaarsku. "Hy sal dalk probeer om julle te fous en hom vermom, maar julle sal hom kan uitken aan sy growwe stem en sy donker viertoon-pote."

Die bokkies het geantwoord: "Moenie bekommer nie, Ouma. Ons sal versigtig wees."

Hyena swallowed all but the youngest in six greedy gulps. *GERUMPI!* Then, with a full tummy, he slunk off into the bushes and found a shady spot to rest. Soon he was fast asleep and snoring loudly.



When Gogo Goat came hurrying home from the forest, what did she see? Everything was upside down.

"Where are you my little kids?" she called to her precious children.

Only the youngest answered, in a tiny, quavering voice, "Gogo, here I am – in the oven."

En wat het Bok-ouma gesien toe sy haastig uit die woud terugkeer? Als was onderstebo!

"Waar is julle kinders?" het sy na haar kosbare kleinkinders geroep.

Net die jongste enetjie het geantwoord, in 'n fyn, bewerige stemmetjie: "Hier is ek, Ouma – in die oond."



The youngest kid told Gogo how they had been tricked by the wicked hyena that had gobbled up her brothers and sisters one by one.


"We will find him," said Gogo. "I know exactly where that rascal is."

Die jongste bokkie het toe vir haar ouma vertel hoe die slinkse hiëna hulle gefous het en al haar boeties en sussies een vir een ingesluk het.

"Ons sal hom kry," het Ouma getroos. "Ek weet presies waar daardie skelm is."

## 10 tips for sharing books with babies and toddlers

1. There's no right or wrong way to use books with babies and toddlers. Just enjoy the time you spend together.
2. Choose books in your child's home language, wherever possible.
3. Choose a variety of books. Include some stories that have other children in them and some that are about familiar everyday experiences. Rhyme and flap-books are very popular with toddlers.
4. Relax and sit comfortably with your child on your lap or next to you.
5. It doesn't matter for how long you read – and you don't have to finish the book! Just share a book together for as long as you both want to.
6. Draw your children's attention to the pictures and talk about the concepts, characters and what is happening in the book. Point to someone or something and say what or who they are and what they are doing.
7. Be playful with books! Make the sounds and noises of the characters or objects in the book.
8. Ask questions about what is happening in the book. Answer them yourself or allow your child to answer, if she or he can and wants to.
9. Point to the words as you read them. This helps your child learn what words are and where the words you are saying come from.
10. Don't give up if your child seems disinterested! Try again later, or in another way – or try another book.



## 10 wenke om boeke met babas en kleuters te deel

1. Daar is geen regte of verkeerde manier om boeke met babas en kleuters te deel nie. Geniet net die tyd wat julle saam deurbring.
2. Kies boeke in jou kind se huistaal, waar moontlik.
3. Kies 'n verskeidenheid boeke. Sluit stories met ander kinders en stories oor bekende, alledaagse ervarings in. Boeke met rympies en flappies is baie gewild by kleuters.
4. Ontspan en sit gemaklik met jou kind op jou skoot, of langs jou.
5. Dit maak nie saak hoe lank jy lees nie – en jy hoef nie die boek klaar te lees nie! Deel net 'n boek saam so lank as wat julle albei wil.
6. Vestig jou kinders se aandag op die prente en praat oor die konsepte, karakters en wat in die boek gebeur. Wys na iemand of iets en sê wat of wie hulle is en wat hulle doen.
7. Speel met boeke! Maak die klanke en geluide van die karakters of voorwerpe in die boek.
8. Vra vrae oor wat in die boek gebeur. Beantwoord self die vrae of laat jou kind toe om te antwoord indien hy of sy kan en wil.
9. Wys na die woorde terwyl jy dit lees. Dit help jou kind om te leer wat woorde is en waar die woorde wat jy sê vandaan kom.
10. Moenie opgee as jou kind lyk of hy of sy nie belangstel nie! Probeer later weer, of op 'n ander manier – of probeer 'n ander boek.

## The Nal'ibali bookshelf



## Die Nal'ibali-boekrak

If you enjoyed reading *The hyena and the seven little kids*, then you might enjoy some of the other stories in Jacana's series called: *Best Loved Tales for Africa*. The stories in this series come from other parts of the world, but have been retold in African settings. The storybooks are available in a variety of South African languages, including isiXhosa, isiZulu, Sesotho, Sepedi, Afrikaans and English. So, if you are looking for traditional tales with a local flavour, why not try one of the titles below?

*The hyena and the seven little kids*

*The magic fish*


*The three Billy Goats Gruff*

*The little girl who didn't want to grow up*

*The ugly duckling*

*The little red hen*

*Refilwe*



As jy dit geniet het om *Die hiëna en die sewe bakkies* te lees, sal jy dalk van die ander stories in Jacana se reeks, *Geliefde stories vir Afrika*, hou. Die stories in hierdie reeks kom uit ander wêrelddele, maar is oortel in 'n Afrika-omgewing. Die storieboeke is in verskeie Suid-Afrikaanse tale beskikbaar, insluitend isiXhosa, isiZulu, Sesotho, Sepedi, Afrikaans en Engels. As jy dus op soek is na tradisionele verhale met 'n plaaslike geur, probeer gerus een van die titels hieronder.

*Die hiëna en die sewe bakkies*

*Die towervis*

*Die drie bokramme*

*Die klein dogtertjie wat nie wou grootword nie*

*Die lelike eendjie*

*Die klein rooi hennetjie*

*Refilwe*




# Mama gets muddled

By Nicky Webb



Illustrations by Jiggs Snaddon-Wood



Mama dumped her shopping bags on the floor and flopped down onto a kitchen chair. "Phew, but I am tired," she said wiping sweat from her forehead. "And I still have so much baking to do for Reverend Dumisani's birthday tea at the church this afternoon."

"Are you making pancakes, Mama?" said Unathi excitedly. "I can help you."

"No," said Mama. "This is a special birthday tea for Reverend Dumisani. All the ministers from our church are coming, as well as Reverend Dumisani's close friend, Reverend Buso. I have heard that Reverend Buso likes cheese scones, so I bought a scone mix for those. Reverend Dumisani likes sugar biscuits, so I bought a biscuit mix for those."

Unathi looked sad, "I think you should make pancakes, Mama. Everyone loves those. And if you make them, I can help you."

"No, thank you, Unathi," said Mama. "I want everyone to see how good my baking is. I am baking scones and biscuits and I am in a hurry. I need to do these on my own." Mama started unpacking the packets of scone mix and biscuit mix and getting out butter and bowls.

Unathi watched Mama as she opened one of the packets and poured it into a bowl. She dropped little squares of butter into the mixture and rubbed them with her fingertips. "Are those the scones or the biscuits, Mama?" asked Unathi.

"The scones," said Mama adding cheese to the mixture and stirring it all together.

Unathi looked at the empty packet on the table. It had a picture of delicious looking biscuits on the front of it.



"Mama, are you sure you have the right packet?" asked Unathi.

Mama looked up from pouring milk into a measuring cup. "Unathi, I am sorry," she said crossly, "but I have told you that I am in a hurry. Please go and play."

"But ..." started Unathi.

"Off you go," said Mama firmly.

Unathi felt like she wanted to cry. She was only trying to help. It seemed like Mama wasn't very nice when she was trying to impress other people.

Unathi went and sat in the big tree in the garden. She watched Mama through the kitchen window.

When Mama had finished rolling and cutting the last of the dough, she wiped her hands on a cloth and looked out the window. She saw Unathi sitting in the tree and waved at her to come down. Unathi was pleased. Maybe Mama was no longer cross with her and would let her lick the bowls.

Mama smiled at Unathi when she came into the kitchen. "My baking is done. I am sorry that I was so cross, but I had a lot to do. I have saved you a small spoonful of biscuit dough to taste," said Mama.

Unathi smiled back at her and popped the blob of biscuit dough into her mouth. She closed her eyes as she waited for the delicious sweetness to reach her taste buds.

"Ughh, yuk!" cried Unathi, spitting the ball of dough back into her hand. "These fancy biscuits are horrible. I don't like them at all."

Mama raised her eyebrows in surprise, "What do you mean, Unathi? You are being very rude."

"Sorry, Mama, but you should taste this," said Unathi. "It's not nice at all."

Mama pinched off a small piece of dough and put it into her mouth. Her nose wrinkled in disgust. "That is terrible," she said. "But what could have gone wrong?" Suddenly she cupped her hands over her eyes. "Oh, no!" she moaned. "I've mixed up the scone mix and the biscuit mix! I've made very sweet scones and cheesy sugar biscuits!"


Mama sat at the table and put her head in her hands. "What am I going to do now? I have no more scone or biscuit mix, and there's not much time left anyway. What am I going to make for Reverend Dumisani's birthday tea?"

Unathi suddenly had a great idea. "There is enough time to make pancakes, Mama! And all we need is flour, eggs, oil and milk. We always have those. AND I can help you!"

Mama hugged Unathi. "You're right. I should have listened to you in the first place. Pancakes will be perfect."

Mama and Unathi got to work straight away. They made a big batch of pancakes. Unathi ate five while she was helping!

The birthday tea that afternoon was a great success and it turned out that both the ministers loved pancakes!





# Mamma raak deurmekaar



Storiehoekie

Deur Nicky Webb  Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood

Mamma sit haar inkopiesakke op die vloer neer en flop op 'n kombuisstoel neer. "Goeiste, maar ek is moeg," sê sy en vee die sweet van haar voorkop af. "En ek moet nog so baie bak vir Eerwaarde Dumisani se verjaardagtee by die kerk vanmiddag."

"Gaan Mamma pannekoek bak?" vra Unathi opgewonde. "Ek kan jou help."

"Nee," sê Mamma. "Dit is 'n spesiale verjaardagtee vir Eerwaarde Dumisani. Al die leraars van ons kerk kom, en ook Eerwaarde Dumisani se goeie vriend, Eerwaarde Buso. Ek het gehoor Eerwaarde Buso hou van kaasskons, en ek het 'n skonmengsel daarvoor gekoop. Eerwaarde Dumisani hou van suikerkoekies, en ek het 'n koekiemengsel daarvoor gekoop."

Unathi lyk hartseer. "Ek dink Mamma moet eerder pannekoek bak. Almal hou daarvan. En as jy pannekoek bak, kan ek jou help."

"Nee dankie, Unathi," sê Mamma. "Ek wil hê almal moet sien hoe goed ek kan bak. Ek gaan skons en koekies bak, en ek is haastig. Ek moet dit op my eie doen." Mamma begin die pakkies skonmengsel en koekiemengsel uitpak en haal botter en mengbakke uit.

Unathi kyk hoe Mamma een van die pakkies oopmaak en dit in 'n bak uitgooi. Mamma voeg klein blokkies botter by die mengsel en vryf hulle met haar vingerpunte in. "Is dit die skons of die koekies, Mamma?" vra Unathi.

"Die skons," sê Mamma, terwyl sy kaas byvoeg en alles goed meng.

Unathi kyk na die leë pakkie op die tafel. Daar is 'n prentjie van heerlike koekies op die voorkant.



"Mamma, is jy seker jy het die regte pakkie?" vra Unathi.

Mamma kyk op terwyl sy melk in 'n maatkoppie afmeet. "Ek is jammer, Unathi," sê sy kwaai, "maar ek het vir jou gesê ek is haastig. Gaan speel asseblief."

"Maar ..." begin Unathi.

"Weg is jy," sê Mamma streng.

Unathi voel lus om te huil. Sy wil net help. Dit lyk of Mamma nie baie gaaf is wanneer sy ander mense probeer beïndruk nie.

Unathi gaan sit in die groot boom in die tuin. Sy hou Mamma deur die kombuisvenster dop.

Toe Mamma klaar die laaste van die deeg uitgerol en gesny het, vee sy haar hande aan 'n lappie af, en kyk by die venster uit. Sy sien Unathi in die boom sit en beduie vir haar om af te klim. Unathi is bly. Dalk is Mamma nie meer kwaad vir haar nie, en kan sy die bakke uitlek.

Mamma glimlag vir Unathi toe sy in die kombuis instap. "Ek is klaar gebak. Ek is jammer dat ek so kwaai was, maar ek het baie gehad om te doen. Ek het vir jou 'n klein lepeltjie koekiedeeg gebêre om aan te proe," sê Mamma.

Unathi glimlag terug en druk die bolletjie koekiedeeg in haar mond. Sy maak haar oë toe terwyl sy wag dat die heerlike soetigheid haar smaakknoppies bereik.

"Ughh, jig!" roep Unathi, en spoeg die bolletjie deeg in haar hand uit. "Hierdie spoggerige koekies proe aaklig. Ek hou glad nie daarvan nie."

Mamma lig verbaas haar wenkbroue. "Wat bedoel jy, Unathi? Jy is baie onbeskof."

"Jammer, Mamma, maar proe hieraan," sê Unathi. "Dis glad nie lekker nie."

Mamma knyp 'n klein stukkie deeg af en sit dit in haar mond. Sy trek haar neus op. "Jy's reg. Dit proe aaklig," sê sy. "Maar wat kon verkeerd gegaan het?" Skielik sit sy haar hande oor haar oë. "O, nee!" kerm sy. "Ek het deurmekaar geraak met die pakkies vir die skonmengsel en die koekiemengsel! Ek het baie soet skons gemaak, en suikerkoekies met kaas!"


Mamma gaan sit by die tafel en laat haar kop in haar hande sak. "Wat gaan ek nou doen? Ek het niks meer skon- of koekiemengsel oor nie, en daar is ook nie meer baie tyd nie. Wat gaan ek vir Eerwaarde Dumisani se verjaardagtee maak?"

Unathi kry skielik 'n blink plan. "Daar is genoeg tyd om pannekoek te bak, Mamma! En al wat ons nodig het, is meel, eiers, olie en melk. Ons het dit altyd in die huis. EN ek kan jou help!"

Mamma gee vir Unathi 'n drukkie. "Jy's reg. Ek moes in die eerste plek na jou geluister het. Pannekoek sal perfek wees."

Mamma en Unathi spring dadelik aan die werk. Hulle bak 'n hele stapel pannekoek. Unathi eet vyf pannekoeke terwyl sy help!

Daardie middag is die verjaardagtee 'n groot sukses en albei die eerwaardes hou toe sommer baie van pannekoek!



## Nal'ibali fun

### Be a story writer!

1. Cut out the beginning of the story *The giant cabbage* and paste it on a sheet of lined paper.
2. Use your imagination to complete this story.
3. You might also want to draw pictures to go with your story.
4. Read your story to someone else. (You could read it to your mother as a Mother's Day treat!)

#### The giant cabbage

One day Zinthle's mother sat and watched Zinthle picking tomatoes in their garden.

"Here, Mommy, taste this," said Zinthle handing her mother a round, red tomato. "I grew it myself!"

"Thank you, Zinthle, you really have green fingers," said Mom.

Zinthle laughed. "I don't think so. I just use Granny's growing recipe."

"Oh yes," said Mom. "Your grandmother is very proud of her recipe! Have I ever told you the story of her giant cabbage?"

"No," answered Zinthle. "Can you tell me now?"

"All right," replied Mom. "One Saturday morning Granny bought a packet of cabbage seeds..."



## Nal'ibali-pret

### Wees 'n storieskrywer!

1. Knip die begin van die storie, *Die reusagtige kool*, uit en plak dit op 'n bladsy met reëls.
2. Gebruik jou verbeelding om hierdie storie te voltooi.
3. Jy sal ook dalk prente wil teken wat by die storie pas.
4. Lees jou storie vir iemand anders. (Jy kan dit op Moedersdag vir jou ma lees om haar te bederf!)

#### Die reusagtige kool

Eendag sit Zinthle se mamma en kyk hoe Zinthle tamaties in hul tuin pluk.

"Hierso, Mamma, proe hier," sê Zinthle en gee vir haar ma 'n ronde, rooi tamatie aan. "Ek het dit self gekweek!"

"Dankie, Zinthle, jy het regtig groen vingers," sê Mamma.

Zinthle lag. "Ek dink nie so nie. Ek gebruik net Ouma se groeiresep."

"O, ja," sê Mamma. "Jou ouma is baie trots op haar resepte! Het ek al ooit vir jou die storie van haar reusagtige kool vertel?"

"Nee," antwoord Zinthle. "Kan jy my nou vertel?"

"Nou goed," antwoord Mamma. "Een Saterdagoggend het Ouma 'n pakkie koolsaad gekoop..."




## Neo wants a story!

Help Neo get to his mother so that she can read him a story. Colour in the stars to find the correct path.

## Neo wil 'n storie hoor!

Help Neo om by sy ma uit te kom sodat sy vir hom 'n storie kan lees. Kleur die sterre in om die regte pad te vind.



Look out for our special International Children's Day and Africa Day edition of the Nal'ibali supplement in the week of 24 May 2015!

Find us on Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)  
 Vind ons op Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)

Wees op die uitkyk vir ons spesiale Internasionale Kinderdag en Afrika-dag uitgawe van die Nal'ibali-bylae in die week van 24 Mei 2015!

Supplement produced by The Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translated by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SundayWorld



Drive your imagination